Kempie Klets

Uitgawe 3: 18 Februarie 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Ons graad 8-leerders by die skool is in die laaste fase van inskakeling by die hoërskool en die ken-mekaar poging wat die week met die groentjieskonsert ten einde loop. Op die oog af is dit 'n klomp pragtige kinders wat hard werk om in die voetspore van die seniors te volg. Dankie aan u as ouer vir die ondersteuning van die periode van inskakeling en ongereelde tye. Van volgende week af is almal net Kempies by die skool. Dankie aan die hoofleiers en hulle VLR voogde vir 'n taak goed afgehandel. Julle het besondere deursettingsvermoë aan die dag gelê om alles deur te sien. Julle opoffering en toewyding was bewonderenswaardig.

Gebedsontbyt

U word herinner aan die gebedsontbyt van die Ondersteunersklub eerskomende Saterdag 20 Februarie om 08:00 by die klubhuis. Prof. Stephan Joubert is die spreker met tema "Jy en jou tiener". Koste is R30 per persoon en kaartjies is beskikbaar by Ansie Gildenhuys by 082 576 7861. Daar is nog net 'n paar plekke beskikbaar.

Kassiere/Tikster pos beskikbaar

Die dame tans in die pos het bedank vir 31 Maart 2010. Persone wat wil aansoek doen vir die pos moet asseblief vir ons 'n e-pos stuur na kempies@kempies.co.za. Die pos van kassiere vereis kennis van Pastel, en die tikwerk sal kennis van 'n verskeidenheid van rekenaar programme insluit. Gee asseblief 'n aanduiding in u CV van die kursusse wat u gedoen het. Die sluitingsdatum vir die pos is 26 Februarie, en die salaris sal met die suksesvolle kandidaat deur die Beheerliggaam onderhandel word. Kandidate moet vir 'n onderhoud beskikbaar wees, en moet 1 April diens aanvaar.

Skrifkontrole week

Die week het reeds ver gevorder, maar die belangrikheid van die skrifkontrole moet uitgelig word. Ouers moet met hul handtekening te kenne gee dat hulle insae in die boeke gehad het. Indien daar kommer bestaan oor die hoeveelheid werk of kwaliteit van die werk, moet u vrymoedigheid neem en ons kontak.

Interhoër

Hierdie jaar is die Interhoër atletiek in Rustenburg by Olimpia Park. Dit is a.g.v. die Wêreld Sokker Beker dat die stadions in die Rand nie beskikbaar is vir atletiek nie. Die vervoer is tydsgewys 'n groot uitdaging en by dit alles baie duur. Die Kempies is egter gereed om met 'n groot aanslag te kom en te wys waarom hulle sulke gedugte teenstanders is. Die laaste twee weke se voorbereiding lê voor en ons vertrou dat almal gesond, fiks en gereed sal wees vir die groot geleentheid saam met die A-Bond skole. Ons hou duim vas vir elke atleet, afrigter en ouer. Mag dit 'n dag wees waarop groot prestasies behaal sal word en die Kempies sommer baie trots sal wees.

Stokkiesdraai van die skool

Ek kan nie anders as om vir u as ouer te vra om saam met ons bedag te wees op die gogga wat nou weer kop uitsteek nie. Stokkiesdraai is soms 'n mode en kinders staan erg verleë wanneer hulle met die oortreding gekonfronteer word. Daar is gewoonlik nie 'n rede daarvoor nie, maar hulle doen dit om "in" te wees. Die tyd waarin ons leef, maak hierdie 'n lewensgevaarlike speletjie wat tragiese nagevolge kan hê. Ek wil nie doemprofeet wees nie, maar ons kan nie te versigtig wees nie.

Ten slotte

Ons groet op 'n positiewe noot en wens die Cheetahs en Bulls geluk met 'n skouspel verlede week op die rugbyveld. Dit was heerlik om die wedstryd dop te hou.

Ons volgende Kempie Klets verskyn 5 Maart.
Groetnis tot dan.

Rodolf Burger
(Skoolhoof)

TOP 10 A eindig 2de

Die afgelope week het die jaarlikse Top 10 byeenkoms plaasgevind. Hoërskool Noordheuwel het dit vanjaar op UJ se splinternuwe blou tartanbaan aangebied. 34 skole het aan die kompetisie deelgeneem en daar is heelwat aan die reëls verander. Elke span moes 'n minimum aantal atlete in 'n ouderdomsgroep gehad het. Ten minste twee velditems moes getel het en daar was 'n sekere verhouding tussen aantal seuns en dogters. Ten spyte van 'n paar kritiese beserings van sleutelatlete en baie strawwe kompetisie, kon die Kempies daarin slaag om naas Monnas as naaswenner uit die stryd te tree.
Die beste baanatleet van die byeenkoms, nl. Tiaan Jacobs het uit die Kempies se geledere gekom. Kempies het 18 medaljes by die byeenkoms verower.

Vlnr: Michael van Aswegen, Danté Muller, Izelle Vrey, Chantelle Jansen van Rensburg, Sanmarie Malan, Ruanco Pelser,
Alnr: Pieter Wilders, Chrizanne Markram, Chanelle Potgieter, Tiaan Jacobs, Monique Stander, Anri Steyn, Kevin Hinton,
Afwesig: Dorcia le Roux, Anneke Gildenhuys

ANDER ATLETIEKNUUS

Die afgelope naweek het die Kempies aan n byeenkoms deelgeneem waar Affies, Monument, Nelspruit en Eldoraigne deelgeneem het.

Trofee wenners:
Beste Middelafstand atleet :
Tiaan Jacobs
Beste Hekkies atleet:
Chrizaan Markram
Beste Naelloop atleet:
Dante Muller
Junior Victor Ludorum atleet:
Tiaan Jacobs
Senior Victrix Ludorum atleet:
Dante Muller

Die volgende Kempies het 'n ABSA-punt bo 900 punte behaal:

900+
Chantelle J van Rensburg
DO/16 HS 1,65m **948**;
Tiaan Botes
SO/16 1500m 4,10.98 **925**;
Sune Jonker
DO/14 1500m 5,56.08 **921**;
Dante Muller
DO/16 200m 25,62 **905**;
Chanelle Potgieter
DO/15 HS 1,55m **906;**
Marcel Oosthuizen
SO/17 800m 1,59.80 **906;**
Hans Gildenhuys
SO/17 800m 2,00.13 **900;**
Michael van Aswegen
SO/19 800m 1,53.97 **932;**
Tinus Oosthuizen
SO/16 800m 2,01.62 **923;**
Chanelle Potgieter
DO/15 200m 25,89 **920;**

950+
Tiaan Jacobs
SO/15 400m 50,70 **978;**
Sune Jonker
DO/14 800m 2,21.45 **975;**
Monique Stander
DO/15 800m 2,16.17 **978;**

1000+
Francois Uijs
SO/14 SW 47,88m **1171;**
Dante Muller
DO/16 100m 12,03 **1023;**
Tiaan Jacobs
SO/15 800m 1,58.86 **1096;**

Gimnastiek se vroeë begin is goed op dreef.

Baie dankie aan al die ou en nuwe gimnaste wat reeds begin oefen het – die talent lyk goed en met harde werk kan die Kempies vanjaar weer mooi suksesse behaal. Boonop vind die S.A. Kampioenskappe vir die seniors (Vlak 4 – 10) vanjaar weer in die Kaap plaas – 'n heerlike vooruitsig en 'n baie spesiale jaar.

Oefentye tot en met 27 Febr.
Dogters:
Artisties:
Dins. en Don. 14:15 – 16:15
Ritmies:
Woens. 14:15 – 16:15
Seuns:
Dins. en Don. 17:30 – 20:00 of soos deur Me L Labuschagne gereël.

Oefentye na Interhoër vanaf 4 Maart
Dogters:
Artisties:
Maan, Dins en Don
14:15 – 16:30
Ritmies:
Woens, Vry 14:15 – 16:30
Saterdagoefensessies sal nader aan die kampioenskappe met elke groep afsonderlik gereël word.
Seuns:
Dins. en Don. 17:30 – 20:00 of soos deur Me L Labuschagne gereël.

Musiekakademie

Die musiekakademie van Hoërskool Kempton Park funksioneer reeds vir 'n paar jaar en 'n waardevolle bydrae op kultuurgebied word aan die gemeenskap in en om Kempton Park gelewer.

Die volgende instrumente word aangebied: klavier, viool, tjello, individuele sang, kitaar, klawerbord.

Daar word ook aan eksterne eksaminering en kunswedstryde deelgeneem.

Voorskoolse tot volwasse leerlinge word toegelaat.

Vir enige navrae skakel Me Senekal by 011 972-5061(h) 079 516 8908(s) of by die skool 011 970-2102.

Uit die Finansie Kantoor

Neem kennis dat subsidie-aansoeke op 28 Febr. vir 2010 sluit vir afsprake. Indien u nog wil aansoek doen, word u herinner om die vorms spoedig te voltooi, te beëdig en die afspraak met Michelle Smith te reël.

Om te kwalifiseer vir die 5% korting op skoolgeld, moet rekeninge ten volle betaal wees, nie later as 28 Feb 2010 nie.

Tswaingkrater-staptog

– 'n warmer as warm avontuur.

Die bogenoemde staptog is deur Kempie-ouers en Kempies aangepak. Aan die begin het die baie muskiete (a.g.v. goeie reën en welige plantegroei) die groep op 'n vinnige drafstappie laat begin – van stilstaan en iets bewonder was daar nie sprake nie, want dan sit die muskiete 'n "vaal plaat" op jou!

Die pad is gemerk met marmerblaaie waarop die geskiedenis van die krater vertel word – plek-plek was daar mooi uitsigpunte, waar diegene wat aan legendes glo, na die Tswaingmonster, in die donker dieptes kon soek. Moeder Natuur het padkos voorsien in die vorm van ryp maroelas wat vrylik beskikbaar was. Teen 12:00 het 'n wolklose dag en baie warm son sy tol begin eis. Geen windjie het gewaai nie en die wapad van ±800m uit die krater uit, het soos 8km gevoel! 'n Gesellige braaivleisie en koue Coke by die basiskamp, het egter vir alles vergoed!

'n Besondere woord van dank aan ons sekretaresse, Irene van Niekerk vir haar reëlings asook ons ouers wat so 'n lekker span gemaak het.

Baie geluk aan die wenner van die dagsakkie-kompetisie:

Suzel Steyn

NB! Die **Honeydew Mazes** bied 'n geleentheid vir Gr8's wat nie die aflope naweek kon saamgaan nie.

Voorlopige datums:
5 – 8 Maart / 19 – 20 Maart : Rooikrans. Ons wil vanjaar graag mooi watervalle beleef.

16 – 18 April:
Botshhabelo of Wataba

Junie/Julie vakansie word beoog om

1. Soutpansbergstaptog asook dagbesoeke aan Mapungubwe en Tshipise
2. St Lucia-week indien daar genoeg belangstelling is.

Daar's 'n plekkie net vir jou!

KEMPIE AKADEMIESE NETWERK

Leerlinge wat nog nie vir die Akademiese Netwerk geregistreer het nie, kan gerus registrasievorms by me Gertie Stander kom afhaal. Die koste daaraan verbonde is **slegs R35,00** vir die hele jaar. Maak gerus van hierdie netwerk gebruik om u kind te help met voorbereiding vir die toetse en eksamens.

Gesinspitkos

Terugvoer – Rooi hart projek.

Dit is met 'n warm hart dat ek vandag terugvoer kan gee oor Kempies se Rooi hart projek. Die projek is suksesvol op Vrydag 12 Februarie geloods en Kempies het hul harte oopgemaak en die projek wonderlik ondersteun. Deur die leerders is tot op datum 'n bedrag oor die R7000 ingesamel. Dankie Kempies vir jul rooi harte! Die VLR het vanuit eie geledere 'n bedrag van R2500 verskaf om 'n goeie hupstoot te gee aan die projek.
Soos in die vorige berig gemeld, is blikkies geplaas by die kafeteria, waarin leerders hul kleingeld kan plaas. Die blikkies sal reg deur die jaar beskikbaar wees.
Met die fondse reeds ingewin, is dit 'n goeie begin vir die projek en kan ons alreeds ondersteuning bied aan die wat dit benodig.

Weereens baie dankie aan die Kempies en hul ouers. Sonder u ondersteuning is dit nie moontlik om hierdie projek suksesvol te bedryf nie.

Vriendelike groete
Christel Viljoen

Belê nou al in u kind se toekoms!!

(Soos gesien op SABC 3 : 3 talk met Noeleen)

Doel
Verkort studietyd; verbeter studievaardighede en punte; geniet studies.

Aandag word gegee aan o.a.:
Opsommings maak en korrekte studiemetodes; memoriseringstegnieke; eksamenvoorbereiding; streshantering; tydsbenutting; lees-en luistervaardighede; selfbeeld; motivering en verbeterde konsentrasie.

Voordele
Individuele aandag deur gegradueerde opvoedkundiges; klein groepe; 6 klasse van 2 ure elk - gratis opvolg na 3 maande; gratis ondersteuning tot ouderdom 21; opgestel en onderskryf deur Universiteit van Stellenbosch (Hoofkantoor); tak alreeds 5 jaar suksesvol in Kemptonpark; **enigste studieprogram goedgekeur deur Onderwysdepartement..**

Vir gratis evaluering by u huis, kontak Dr Gerrit Jooste 082-923-1135

S.A. Geheue instituut

Gebedsgroep

Indien God dit op jou hart lê om vir jou kinders en vir ander se kinders, vir personeel en vir die skool te bid, kom sluit by ons aan by die gebedsgroep.

Ons bid op die 1ste en 3de Donderdag van elke maand om 9:30 in die raadsaal.

Jacobus 5:16 :
" Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking"

Indien jy meer wil weet, kontak vir Tertia by 083 5568781

SAAMRY KLUB???

Woon u in die Brakpan / Springs omgewing ?

Kan ons dalk 'n saamry-klub begin of is daar dalk reeds een? (spesifiek vir leerlige).

GLAMOROUS ROOFING CC
Industrial & Domestic Roofing Construction
Roofing Done Right First Time, On Time
Attie Lamprecht
011 789 9790
083 535 4881
083 755 3929
glamorousroofing@mweb.co.za
www.glamorousroofing.co.za

- Industrial & Domestic Roofing
- All types of Ceilings
- All types of Roof Repairs
- Fascia Boards
- Specialised in new and Repairing of Slate & Tile Roofs
- Roof Painting
- Waterproofing
- Guttering

leading pharmacy
MED-ACRES APTEEK
(MEDI TRUST GROEP)
Trots om 'n deel van Kempies te wees
Bekostigbare medikasie wat jy kan vertrou.
+ Voorskrifte
+ Vitamines
+ Totale Cholesterol
+ Bloed glukose
+ Bloeddruk
+ Baba Kliniek & Immunisering
+ Gesins Beplanning
+ Geskenke
Nuwe Parfuums teen ongelooflike pryse !!
Maandae-Vrydae 08h00 - 19h00
Saterdae 08h30 - 14h00, 17h00 - 19h00
Sondae & Vakansiedae 09h30 - 13h00, 17h00 - 19h00
Winkel 2-5, Glen Acres Sentrum
H/V Monument & Dann Weg
Glen Marais, Kempton Park
Posbus 11262, Aston Manor 1630
Tel : (011) 391 2490
(011) 391 2399
Fax : (011) 391 4555
medacres@intekom.co.za